

FLIEK: Plaaslike juweel wat jou laat skaterlag

2013-03-01 06:00

Fanie Fourie's Lobola

Romantiese komedie

Maak jou velkleur werklik saak as jy verlief is?

★ ★ ★

As dit van Fanie (Eduan van Jaarsveldt) en Dinky (Zethu Dlomo) af hang, is die antwoord beslis nee, maar nie voordat hulle in Henk Pretorius van *Bakgat!*- faam se jongste rolprent algemene stereotipes uitdaag, soms uitbuit en uiteindelik kleingeld van maak nie.

In *Fanie Fourie's Lobola* is daar geen heilige koeie nie; jy kry eerder 'n reguit, eerlike blik op die dinamiek in ons samelewing wat tuisbring dat dit hoog tyd is dat Suid-Afrikaners vir hulself leer lag.

Sommer hard en uit die maag uit.

Die vriendelike, leliewit Fanie en 'n vat-geen-nonsens-Dinky ontmoet mekaar in 'n tuisnywerheid wanneer Fanie deur sy popsanger-broer, Sarel (Chris Chameleon), uitgedaag word om die eerste meisie wat hy teëkom op 'n afspraak te vra. Dinky stem in, op voorwaarde dat Fanie voorgee hy is haar kêrel sodat haar tradisionele pa haar nie meer onder druk sal plaas om te trou nie.

Hul lewe is ver van mekaar verwyder – Fanie is van die voorstede en Dinky Magubane van 'n stowwerige township – maar namate hulle mekaar leer ken en hul tyd saam geniet, raak hulle verlief.

Maar daar is teenstand van albei kante. Dinky se pa (Jerry Mofokeng) wil haar aan 'n ryk sakeman afsmeer en Fanie se ma (Marga van Rooy) kry byna 'n hartaanval toe Fanie se metgesel na Sarel se troue al die tyd swart is.

Die stereotipiese opnames oor swart en wit word komies aangepak en daar is tonele wat jou laat skater van die lag. Chameleon se Sarel sit midde-in 'n *Huisgenoot*-skandaal nadat hy die troufotograaf stilletjies vra om die “donker pieksel”, menende Dinky, uit die foto te sny; die tuinier moet ingryp wanneer die Fouries se gebrekkige kennis oor lobola hul verhouding amper kortwiek; en in 'n poging om saam na die rugby op Loftus Versfeld te gaan kyk, verf Fanie en Dinky hulself van kop tot tone in groen en goud – 'n illusie van rasloosheid wat nie lank hou nie.

Die dinamiek tussen Dlomo en Van Jaarsveld is spontaan – soos 'n regte verliefde, jong paartjie steel hulle skaam-skaam 'n paar geheime kyke na mekaar, terg mekaar eindeloos en val in 'n gemaklike kameraderie van “ons teen die wêreld”.

Hulle word ondersteun deur statige byspelers soos Van Rooy, Richard van der Westhuizen en Mofokeng wie se ervaring behoorlike stukrag aan die prent verleen. Chameleon se Sarel is die grootste plesier; 'n prettige en treffende kombinasie van Nicholis Louw en Armand Hofmeyr.

Wat ook uitstaan is die klankbaan met enigiets van Jack Parow en Fokofpolisiekar tot Mi Casa en Bongo Muffin – en natuurlik Sarel se komposisies, wat deur Die Heuwels Fantasties se Fred den Hartog en Hunter Kennedy saam met Chameleon geskep is.

As jy lus én gereed is om te lag, sal dié plaaslike juweel aan jou mondhoeke pluk totdat jy die glimlag nie meer kan keer nie.

ROZANNE ELS

Met Eduan van Jaarsveld, Zethu Dlomo, Jerry Mofokeng, Marga Van Rooy, Richard van der Westhuizen, Chris Chameleon en ander

Regie: Henk Pretorius

Tydsduur: 90 minute

Ouderdomsperk: OL



Dinky (Zethu Dlomo) en Fanie (Eduan van Jaarsveld) daag vele Suid-Afrikaanse stereotipes uit wanneer hulle verlief raak en uiteindelik op trou staan in Fanie Fourie's Lobola.